higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

VERLIESBEHEER N6

(11041196)

22 April 2021 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie eksamenvraestel bestaan uit 4 bladsye.

302Q1A2122

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
VERLIESBEHEER N6
TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke vraag op ’n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

Noem die VIER areas wat deur ’n stelsel van totale gehaltebestuur (TGB) geteiken word en gee EEN voorbeeld van elke area (4 × 2) **[8]**

VRAAG 2

Hoe sou jy terugvoering gee aan ’n werker wat substandaard werkswinkelgedrag openbaar? **[8]**

VRAAG 3

Wat stipuleer die Wet op Beroepsgesondheid en -Veiligheid van 1993 rakende die aantal gesondheid-en-veiligheidsverteenwoordigers in die geval van winkels en kantore asook alle ander werksplekke? **[6]**

VRAAG 4

Noem die VIER kategorieë beroepsgesondheidrisiko’s en gee TWEE voorbeelde van elk. (4 × 3) **[12]**

VRAAG 5

Noem VYF ongelukke wat tipies weens swak huishouding voorkom. (5 × 2) **[10]**

VRAAG 6

Jy vervaardig ’n gevaarlike medisinale produk en moet ’n waarskuwingsetiket vir die medisyne ontwikkel.

Gee AGT sleutelwoorde en verduidelik die funksie van die woorde op die etiket. **[8]**

VRAAG 7

Verduidelik stap vir stap wat die toesighouer moet doen wanneer hy/sy op ’n werker afkom wat so pas ’n ongeluk gehad het. **[7]**

VRAAG 8

Gebruik ’n motorvoertuig as ’n voorbeeld om ’n inspeksie-inventaris van kritieke onderdele op te stel. **[11]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 9

Verduidelik die opleiding en kenmerke van ’n lid van ’n noodreaksiespan. **[10]**

VRAAG 10

Noem VYF faktore wat kan help om nakoming van reëls in ’n organisasie af te dwing. **[5]**

VRAAG 11

Noem TIEN items wat ’n noodhulpkis behoort te bevat. **[10]**

VRAAG 12

Noem VYF oorsake van verlies in ’n organisasie. **[5]**

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou